



Nooit te vroeg nie, nooit te laat nie!

Om tyd in te ruim om vir kinders in jou lewe te lees, is 'n belegging in hul toekoms, ongeag hoe oud hulle is. Hierdie tye waartydens julle 'n band kan vorm, wys vir kinders dat jy hul geselskap geniet en vir hulle omgee terwyl julle ook goeie herinneringe aan stories, boeke en lees bou wat 'n leeftyd sal duur!



Never too early, never too late!

Making time to read to the children in your life is an investment in their future, no matter how old they are. This time to bond shows children that you enjoy their company and care about them while building lifelong good memories of stories, books and reading!

Dis nooit te vroeg nie!

- ☉ Sou jy wag tot 'n baba verstaan wat jy sê voor jy met hom of haar begin praat? Jy hoef ook nie te wag tot kinders self kan lees voor jy gereeld vir hulle begin lees nie. Babas en kleuters vind hul versorgers se stemme vertroostend.
- ☉ Wanneer jy boeke met prente, rymies en stories met babas deel, leer hulle woordeskat en taal. Dit is ook 'n wonderlike manier om 'n band met 'n baba te vorm, en die woorde sal somer gou vir hulle begin sin maak.
- ☉ Hoe meer jy vir babas hardop lees en met hulle praat, hoe meer woorde hoor hulle. Baie gou sal jy hoor hoe hulle hierdie woorde self gebruik! So word hul woordeskat opgebou.
- ☉ Om vir babas te lees help hulle om te verstaan dat gedrukte teks betekenis het, en dit leer hulle hoe ons stories vertel.
- ☉ Die belangrikste van alles is dat wanneer volwassenes gereeld vir babas en jong kinders lees, word hulle groot met die gedagte dat lees iets prettigs en nuttigs is. Daarom sal hulle meer geneig wees om in hul vrye tyd te lees wanneer hulle ouer is.

It's never too early!


- ☉ Would you wait until a baby understands what you are saying before you talk to him or her? You also needn't wait for children to be able to read by themselves before you regularly read to them. Babies and toddlers are comforted by the sound of their caregivers' voices.
- ☉ Sharing books with pictures, rhymes and stories with babies teaches them words and language. It's also a wonderful way to bond with a baby, and pretty soon these words start to make sense.
- ☉ The more you read aloud and talk to babies, the more words they hear. Very soon, you'll hear them using these words themselves! This is called building a vocabulary.
- ☉ Reading to babies helps them understand that print has meaning and teaches them how we tell stories.
- ☉ Most importantly, when adults regularly read to babies and young children, they grow up seeing reading as fun and worthwhile. So, they are more likely to choose reading as an activity in their free time when they are older.

Dis nooit te laat nie!

- ☉ Net soos dit nooit te vroeg is om te begin nie, is dit ook nooit te laat nie! Kinders van alle ouderdomme baat daarby as iemand gereeld vir hulle hardop lees. Om stil te kan sit terwyl hulle lees of terwyl daar aan hulle voorgelees word, is 'n noodsaaklike vaardigheid wat jou kind sal nodig hê om op skool en deur sy of haar hele lewe sukses te behaal.
- ☉ Selfs wanneer kinders al kan lees, kan jy saam met hulle boeke lees wat te moeilik is vir hulle om op hul eie te lees. Om as 'n gesin saam te lees, kan kinders veilig en geliefd laat voel.

It's never too late!

- ☉ Just like it is never too early to start, it is also never too late to start! Children of all ages benefit from having someone read to them regularly. Being able to sit still and read, or be read to, is an essential skill your child will need to succeed at school and throughout his or her life.
- ☉ Even once children have learnt to read, you can read books together that are too complicated for them to read on their own. Reading together as a family can make children feel safe and loved.



HET JY GEWEET?

- Hoe meer kinders lees,
- ♥ hoe beter lees hulle,
 - ♥ hoe meer geniet hulle dit, en
 - ♥ hoe waarskynliker is dit dat hulle sal wil lees.

Jy kan baie idees en wenke onder "Guides and Tips" in die "Training"-afdeling van ons webwerf, www.nalibali.org, kry.



DID YOU KNOW?

- The more children read
- ♥ the better they become at reading,
 - ♥ the more pleasure they get from it, and
 - ♥ the more likely they are to choose to read.

You can find many ideas and guidance in "Guides and Tips" in the "Training" section of our website, www.nalibali.org.



Drive your
imagination



IT STARTS WITH
A STORY.
DIT BEGIN MET
'N STORIE.



Geletterdheidsaadjies!

Aktiwiteite wat die verbeelding aanwakker

Literacy Seeds!

Activities that spark imagination



Beste ouers en versorgers van jong kinders, in Uitgawe 197 het ons inligting en wenke gegee oor hoe om rympies, stories en speletjies met jul babas en jong kinders te deel. In hierdie uitgawe gaan ons kyk na hoe belangrik dit is om vir hulle stories te vertel en te lees en hulle aan te moedig om te lees en te skryf, selfs al maak hulle nog net of hulle dit doen!

Dear parents and caregivers of young children, in Edition 197, we included some information and tips about sharing rhymes, stories and games with your babies and young children. In this edition, we will look at the importance of telling and reading them stories and encouraging them to read and write, even if they only pretend!



Stories en speel gaan hand aan hand

Kinders hou daarvan om hul liggame te beweeg, om interaksie te hê met die dinge in hulle omgewing, liedjies te sing, speletjies te speel, rympies op te sê, na stories te luister en stories te vertel, te teken en om te maak of hulle lees en skryf. Speel soveel moontlik met jou kinders, en gee vir hulle tyd en die geleentheid om alleen en/of met ander kinders te speel. Dit sal hulle gelukkig laat voel en hulle help om 'n gesonde selfbeeld te bou. Hier is 'n paar dinge wat jy kan doen om jou kinders te help:

- ♥ Maak elke dag soveel tyd vir hulle as wat jy kan, al het jy min vrye tyd.
- ♥ Speel hul gunstelingspeletjies saam met hulle.
- ♥ Vra vir hulle vrae oor hul dag en of daar enigiets is waaroor hulle hul bekommer.
- ♥ Kinders kan hulle dikwels nie volledig in woorde uitdruk nie, en daarom is dit baie belangrik om goed na hulle te luister.
- ♥ Vertel vir hulle dat jy lief is vir hulle en dit geniet om tyd saam met hulle deur te bring. Dit is een van die beste aanduiders van sukses en geluk in die toekoms.¹

Jy kan baie speelaktiwiteite baseer op stories wat jy vir jou kinders vertel of lees. Probeer saam 'n storie opmaak. Jul stories behoort:

- ✿ te gaan oor onderwerpe wat jou kind geniet. As jou kind van sokker hou, vind of vertel 'n storie oor hul gunstelingsokkerspan of -speler.
- ✿ interessante karakters te bevat wat snaakse dinge sê en doen!
- ✿ herhalende woorde te bevat.
- ✿ maklik te wees vir jou kind om te onthou.

Dink speelaktiwiteite uit wat op die storie gebaseer is wanneer jy 'n storie vir jou kinders gelees het. Kinders kan:

- * probeer om karakters in die storie te teken.
- * alledaagse voorwerpe rondom hulle gebruik wanneer hulle die storie opvoer, soos leë skoenbokse om huise voor te stel en ou knope vir oë!
- * soos storiekarakters aantrek.
- * liedjies oor die storie opmaak.



Stories and play go together

Children love to move their bodies, interact with the things around them, sing songs, play games, say rhymes, listen to and tell stories, draw and pretend to read and write. Spend as much time as you can playing with your children, and give them the time and space to play alone and/or with other children. This will make them feel happy and help them develop healthy self-esteem. Here are some things you can do to help your children:

- ♥ Make as much time for them as you can every day even though your free time is limited.
- ♥ Play their favourite games with them.
- ♥ Ask them questions about their day and whether there is anything that worries them.
- ♥ Children often cannot express themselves fully with words, so it's important to really listen to them.
- ♥ Tell them that you love them and enjoy spending time with them. It is one of the best predictors of future success and happiness.¹

You can base many play activities on stories that you tell or read to your children. Try making up a story together. Your stories should:

- ✿ be about subjects that your child enjoys. If your child loves soccer, find or tell a story about their favourite soccer team or player.
- ✿ have interesting characters that do or say funny things!
- ✿ have some repetition of words.
- ✿ be easy for your child to remember.

Once you have read or told a story to your children, make up play activities based on the story. Children could:

- * try to draw characters from the story.
- * use everyday things around them when they act out the story, like empty shoeboxes to make houses and old buttons to make eyes!
- * dress up as story characters.
- * make up songs about the story.



¹ Munshi J. George E. Vaillant's 'Triumphs of Experience: The Men of the Harvard Grant Study.' NHRD Network Journal. Published online October 2016:102-105. doi:10.1177/0974173920160419



Drive your imagination

Hoe om die storie *Kan ons maats wees?* te gebruik

Onderaan bladsy 4 sal jy instruksies vind oor hoe om die storie, *Kan ons maats wees?*, op bladsye 5-8, 11 en 12, te vou en uit te knip. Wanneer jy die boekie gemaak het, kan jy dit op die volgende maniere gebruik:

1. Nooi jou kind – moet hulle nooit dwing nie – om saam met jou te lees.
2. Vind 'n stil, gemaklike plek om te lees. Skakel die radio, TV en selfoon af.
3. Sit naby mekaar of met jou kind op jou skoot.
4. Begin deur na die boek se buiteblad te kyk. Lees die storie se titel en die name van die skrywer en die illustreerder.
5. Kyk na die prente op elke bladsy. Moedig jou kind aan om aan die bladsye te ruik, dit vas te hou en daaraan te vat.
6. Laat die storie lewendig word! Gebruik verskillende stemme vir verskillende karakters. Gebruik 'n diep of growwe stem vir die haai in *Kan ons maats wees?*
7. Vra: "Wat dink jy gaan volgende gebeur?" wanneer die haai vir die verskillende seediëre halo sê. Hierdie soort vraag sal help om jou kind se verbeelding aan te wakker.
8. Gesels met mekaar oor die storie. Wat het die ander seediëre gedoen toe hulle die haai sien? Hoekom het hulle dit gedoen? Is dit altyd maklik om maats te maak?
9. Sê waarvan jy in die illustrasies hou. Vra vir jou kinders waarvan hulle in die illustrasies hou.
10. Die belangrikste is om dit te geniet om die boek saam te lees. Doen altyd jou bes om lees pret te maak!
11. Herhaal hierdie roetine so dikwels moontlik en betrek die hele gesin.



How to use the story *Let's be friends!*

At the bottom of page 4, you will find instructions on how to fold and cut out the story, *Let's be friends!*, on pages 5-8, 11 and 12. Once you have made the little book, you can use it in the following ways:

1. Invite – never force – your child to read with you.
2. Find somewhere quiet and comfortable to read. Turn off the radio, TV and cell phone.
3. Sit close together or with your child on your lap.
4. Start by looking at and talking about the book's front cover. Read the story's title and the names of the author and illustrator.
5. Look at the pictures on each page. Encourage your child to smell, hold or touch the pages.
6. Make the story come alive! Use different voices for different characters. In *Let's be friends!* use a deep or rough voice for the shark.
7. Ask, "What do you think is going to happen next?" when the shark says hello to the different creatures in the sea. This kind of question will help to stimulate your child's imagination.
8. Talk to each other about the story. What did the other creatures do when they saw the shark? Why did they do this? Is it always easy to make friends?
9. Say what you like about the illustrations. Ask your children what they like about the illustrations.
10. Most of all, enjoy sharing the book, and always try your best to make reading fun!
11. Repeat this routine as often as possible and get the whole family to join in.

Aktiwiteitsidees vir *Kan ons maats wees?*


Jy kan deur die hele dag (selfs wanneer jy besig is met takies!) prettige aktiwiteite saam met jou kinders doen:

- * Sing 'n liedjie oor hoe om maats te maak of maats te wees.
- * Maak of julle haai is wat in die see swem.
- * Kyk na jou kinders en sê sommer enige tyd: "Hallo! Haai! *Kan ons maats wees?*" Dit sal hulle laat lag!
- * Moedig jou kinders aan om van die seediëre te probeer teken.
- * Nooi jou kinders om stories oor haaië, maats of enigiets waarin hulle belangstel, te vertel.
- * Lees *Kan ons maats wees?* weer en weer. Moedig jou kinders aan om op die regte plek in die storie te sê: *Kan ons maats wees?*

Activity ideas for *Let's be friends!*

Throughout the day (even when you are doing chores!), you can do fun activities with your children:

- * Sing a song about making or being friends.
- * Pretend to be sharks swimming in the sea.
- * Look at your children and say, "Hello! Hi! *Let's be friends!*" whenever you feel like it. This will make them laugh!
- * Encourage your children to try drawing some of the sea creatures.
- * Invite your children to tell stories about sharks, friends or anything that interests them.
- * Read *Let's be friends!* again and again. Encourage your children to say *Let's be friends!* at the correct place in the story.





Beste Na'ibali

Ek is so opgewonde oor die nuwe VKO-afdeling op bladsye 2 en 3! Dis net wat ek nodig het om my vierjarige dogter gedurende die dag besig en gelukkig te hou. Ek het nie geweet rympies en speletjies is so belangrik vir haar taalontwikkeling nie. Dankie vir julle wonderlike advies, Na'ibali!

Vriendelike groete

Xolisile Mvubu, Isipingo

Beste Xolisile

Ons is baie bly om te hoor dat ons nuwe VKO-afdeling jou so baie help. Wanneer jy met jou kind gesels en speel, help dit om haar taalvaardighede en verbeelding te ontwikkel – en dit versterk die band tussen julle. Geniet liedjies, rympies en speletjies saam met jou kinders!

Die Na'ibali-span



Beste Na'ibali ... Dear Na'ibali ...

SKRYF AAN ONS! WRITE TO US!

The Na'ibali Supplement
The Na'ibali Trust
2 Dingle Avenue
Kenilworth
Cape Town
7708
Western Cape
info@nalibali.org



Beste Na'ibali

Ek weet nie hoe om my negejarige dogter te kry om vir genot te lees nie. Sy sukkel met lees op skool en daarom wil sy nie by die huis lees nie.

Cornell Williams, Goodwood

Beste Cornell

Wanneer kinders sukkel om te lees, sal hulle waarskynlik nie graag in hul vrye tyd lees nie. Probeer maniere vind vir jou dogter om die vreugde van boeke en stories te ervaar sonder dat sy op haar eie hoef te lees. Vind byvoorbeeld prenteboeke sonder woorde wat sy kan lees. Laat haar na stories luister. (Jy kan luisterstories vind by www.nalibali.org.) Kyk saam na 'n fliek wat op 'n boek gebaseer is en stel dan voor dat julle ná die tyd die boek saam lees. Ons is seker sy sal binnekort lief raak vir lees.

Die Na'ibali-span

Dear Na'ibali

I am so excited by the new ECD section on pages 2 and 3! It is just what I need to keep my four-year-old daughter busy and happy during the day. I did not know that rhymes and games were so important for her language development. Thank you, Na'ibali, for your amazing advice!


Kind regards

Xolisile Mvubu, Isipingo

Dear Xolisile

We are very happy to hear that our new ECD section is so helpful to you. Talking to and playing with your child helps to develop their language skills and imagination – and strengthens the bond between you. Enjoy songs, rhymes and games with your little ones!

The Na'ibali Team



Dear Na'ibali

I don't know how to get my nine-year-old daughter to read for pleasure. She struggles with reading at school and so she doesn't want to read at home.

Cornell Williams, Goodwood

Dear Cornell

When reading is difficult for children, they are less likely to read in their spare time. Try to find ways for your daughter to experience the joy of books and stories without having to read on her own. For example, find wordless picture books for her. Let her listen to stories. (You can find audio stories on www.nalibali.org.) Watch a movie based on a book together and then suggest reading the book together. We're sure that she'll get hooked on books in no time.

The Na'ibali Team



Bou jou eie biblioteek. Maak **TWEE** knip-uit-en-bêreboekies

Onalenna en die reusegeelhoutboom

1. Skeur bladsy 9 van hierdie bylae af.
2. Vou die bladsy in die helfte op die swart stippellyn.
3. Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn om die boek te maak.
4. Knip op die rooi stippellyne om die bladsye te skei.

Kan ons maats wees?

1. Om hierdie boek te maak, gebruik bladsye 5, 6, 7, 8, 11 en 12.
2. Hou bladsye 7 en 8 binne-in die ander bladsye.
3. Vou die velle in die helfte op die swart stippellyn.
4. Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn om die boek te maak.
5. Knip op die rooi stippellyne om die bladsye te skei.



Grow your own library. Create **TWO** cut-out-and-keep books

Onalenna and the giant yellowwood

1. Tear off page 9 of this supplement.
2. Fold the sheet in half along the black dotted line.
3. Fold it in half again along the green dotted line to make the book.
4. Cut along the red dotted lines to separate the pages.

Let's be friends!

1. To make this book, use pages 5, 6, 7, 8, 11 and 12.
2. Keep pages 7 and 8 inside the other pages.
3. Fold the sheets in half along the black dotted line.
4. Fold them in half again along the green dotted line to make the book.
5. Cut along the red dotted lines to separate the pages.



Drive your
imagination




Oh my.
Agge nee.

Lots more free books at bookdash.org



Let's be friends!



Kan ons maats wees?

Emma Bosman • Murray Hunter •
Wilna Combrinck

Get story active!

- ★ Make a *Let's be friends!* badge in the shape of a shark.
1. Draw a shark on a piece of paper. Colour in your picture with pencil crayons or kokis.
 2. Cut out the shark shape with a pair of scissors.
 3. Use glue to paste the shark drawing onto a thin piece of cardboard, for example, a cereal box.
 4. Cut the cardboard around the shark shape.
 5. Use sticky tape or masking tape to attach a safety pin to the back of the badge. Or make a hole at the top and thread some wool or string through it so that you can hang it around your neck.
 6. Enjoy wearing your badge anywhere and any time you want to make friends!

Raak doenig met stories!

- ★ Maak 'n kenteken, *Kan ons maats wees?*, in die vorm van 'n haai.
1. Teken 'n haai op 'n vel papier. Kleur jou prent met potloodkryt of viltpenne in.
 2. Knip die haai-vorm met 'n skêr uit.
 3. Plak die prent van die haai op dun karton, soos 'n ontbytgraanboks, vas.
 4. Knip die karton om die haai-vorm uit.
 5. Plak 'n haakspeld met kleeflint of maskeerband aan die agterkant van die haai vas. Of maak 'n gaatjie aan die bokant en ryg wol of tou daardeur sodat jy dit om jou nek kan hang.
 6. Geniet dit om jou kenteken oral en enige tyd te dra wanneer jy maats wil maak!

Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit www.nalibali.org



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genotveldtog. Dit wil 'n leeskultuur regoor Suid-Afrika laat vlamvat en vaslê. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org




Drive your
imagination

Ideas to talk about: Is it easy to make friends? What do you think? Have you made any friends before? What can someone do to make new friends? Is it normal for some people not to want to be your friend? Why?


Idees om oor te praat: Is dit maklik om maats te maak? Wat dink jy? Het jy al ooit maats gemaak? Wat kan iemand doen om nuwe maats te maak? Is dit normaal as sommige mense nie maats wil wees met jou nie? Hoekom?



LET'S BE FRIENDS!
KAN ONS MAATS WEES?



It's time to make
some friends!
Dis tyd om maats
te maak!



Hello! Hi!
Are you a fish?
So am I!
Hallo! Haai!
Is jy 'n vis?
Ek ook, kan jy raai!



KAN ONS MAATS WEES?



LET'S BE FRIENDS!
KAN ONS MAATS WEES?



Hallo! Hi!
Do you like seashells?
So do I!
Hou jy van skulpe?
Ek ook, kan jy raai!



LET'S BE FRIENDS!



Making friends can be hard.
But let's try!


Dit kan moeilik wees om
maats te maak.
Maar kom ons probeer!




Oh dear,
Agge nee.



Hello! Hi!
Hallo! Haai!





This story is an adapted version of **Onalenna and the giant yellowwood**, published by Cadbury in partnership with Nal'ibali as part of the Cadbury Dairy Milk #InOurOwnWords initiative. Each story is available in the eleven official South African languages. To find out more about the Cadbury Dairy Milk #InOurOwnWords initiative titles, go to <https://cadbury.one/library.html>.

Hierdie storie is 'n aangepaste weergawe van **Onalenna en die reusegeelhoutboom**, uitgegee deur Cadbury in vennootskap met Nal'ibali as deel van die Cadbury Dairy Milk #InOurOwnWords-inisiatief. Elke storie is beskikbaar in die elf amptelike Suid-Afrikaanse tale. Om meer uit te vind oor die titels wat deel is van die Cadbury Dairy Milk #InOurOwnWords-inisiatief, gaan na <https://cadbury.one/library.html>.

Get story active!

- ★ Sing the lullaby in the story, or sing a lullaby you know.
- ★ Be a word detective! Find words in the story that tell you the following:
 - ☆ The yellowwood trees were very big.
 - ☆ The little creatures in the forest made Onalenna very happy.
- ★ Onalenna missed her mother very much. Imagine that you are Onalenna. Write a letter to Onalenna's mother about living in the Knysna forest.
- ★ Look in old magazines for pictures of the animals of the Knysna forest, or draw your own pictures. Cut out the animals. Draw a forest on a big sheet of paper. Paste your animal cut-outs on the picture of the forest.

Raak doenig met stories!

- ★ Sing die wiegeliedjie in die storie, of sing 'n wiegeliedjie wat jy ken.
- ★ Wees 'n woordspeurder! Vind woorde in die storie wat vir jou die volgende sê:
 - ☆ Die geelhoutbome is baie groot.
 - ☆ Die klein diertjies in die woud maak vir Onalenna baie gelukkig.
- ★ Onalenna verlang baie na haar ma. Verbeel jou dat jy Onalenna is. Skryf 'n brief aan jou ma oor jou lewe in die Knysna-woud.
- ★ Soek in ou tydskrifte na prente van die diere wat in die Knysna-woud woon, of teken jou eie prente. Knip die diere uit. Teken 'n woud op 'n groot vel papier. Plak jou uitgeknipte diere op die prent van die woud.

Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit www.nalibali.org





Drive your imagination

Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genotveldtog. Dit wil 'n leeskultuur regoor Suid-Afrika laat vlamvat en vaslê. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org

Onalenna and the giant yellowwood



Onalenna en die reusegeelhoutboom

Rujeko Moyo • Neil Badenhorst

Ideas to talk about: Onalenna's mother died when she was very young. Have you lost someone you love? What is your special memory of that person?

Idees om oor te praat: Onalenna was baie jonk toe haar ma dood is. Het iemand vir wie jy lief was, al gesterf? Wat is jou spesiale herinneringe aan daardie persoon?

9



Onalenna was an only child, dearly loved and treasured by her father and mother.
She especially loved the lullaby her mother sang to her every time she rocked her to sleep:

Thula thu-, (Quiet, shhh)
Thula sana, thula mntwana, (Quiet child, hush my baby)
Thul' umam' uzobuya ekuseni.
(Quiet, mother will come in the morning)
Thula thu-,
Thula mntwana, thula sana,
Thul' umam' uzobuya ekuseni.

But one day Onalenna's mother became sick, and when Onalenna was just a little girl, her mother passed away. Onalenna stopped singing.
Onalenna's father decided to move them closer to where her mother was raised.

Sy word wakker, omvou deur die gevoel van haar ma se omhelsing en gaan met 'n glimlag op haar gesig terug huis toe.
Daarna gaan Onalenna elke dag na die boom toe.
Maar sy begin haar pa vra: "Hoe was jou dag, Pappa?" "Ek kan nie kla oor my dag nie, Mtanami. Hoe was joune?" En dan vertel sy hom alles van haar dag.
Eendag hoor Onalenna se pa 'n pragtige, melodieuse geluid toe hy by die huis kom.
Dit is Onalenna wat sing.

She awoke enveloped in the aura of her mother's embrace and returned home with a smiling heart. Onalenna began visiting the tree every day.
But she began to ask her father: "How was your day, Papa?" And she would tell him all about her day. One day, a beautiful, melodious sound greeted Onalenna's father as he approached home.
It was Onalenna singing.

Onalenna is 'n enigste kind, en haar pa en ma het haar baie lief en waardeer haar.
Sy was baie lief vir die wiegelieljie wat haar ma vir haar gesing het elke keer as sy haar aan die slaap gesus het:
Thula thu-, (Stil, sjj!)
Thula sana, thula mntwana, (Stil kind, stil my baba)
Thul' umam' uzobuya ekuseni.
(Stil, Mamma kom in die oggend)
Thula thu-, Thula mntwana, thula sana,
Thul' umam' uzobuya ekuseni.
Maar op 'n dag raak Onalenna se ma siek, en toe Onalenna nog 'n klein dogtertjie is, gaan haar ma dood. Daarna sing Onalenna nie meer nie.
Onalenna se pa besluit om nader te trek aan die plek waar haar ma grootgeword het.




Oh my.
Agge nee.



Do you like to
swim? So do I!

Hou jy van swem?
Ek ook, kan jy raai!





LET'S BE FRIENDS!
KAN ONS MAATS WEES?



NOBODY wants to be my
friend.
NIEMAND wil met my
maats wees nie.

Knock,
knock.
Klop,
klop.



Ek is 'n leser!



I am a reader!

Contact us in any of these ways:

Kontak ons op een van die volgende maniere:

 www.nalibali.org

 www.nalibali.mobi

 [nalibaliSA](https://www.facebook.com/nalibaliSA)

 [@nalibaliSA](https://twitter.com/nalibaliSA)

 [@nalibaliSA](https://www.instagram.com/nalibaliSA)

 info@nalibali.org



Nalibali



Die vriendskapsarmbandjies



Deur Zahida Wahab ■ Illustrasies deur Chantelle en Burgen Thorne

Palesa en Gracie is al vandat hulle drie jaar oud is beste maats. Hulle woon langs mekaar, en hul ma's is ook vriende. Hulle is 'n maand uitmekaar gebore en het soos susters grootgeword. Hulle doen alles saam. Hulle gaan na dieselfde skool toe en beland altyd in dieselfde klas!



Toe, op 'n dag, toe die meisies 'n bietjie ouer is, gebeur iets wat hulle baie hartseer maak. Gracie kom in trane by Palesa se huis aan.

"Wat's fout?" vra Palesa baie bekommerd vir haar maatjie.

"My pa het 'n werk in 'n ander stad gekry, en ons moet trek," sê Gracie deur haar trane.

Die twee meisies huil hulle amper dood. "Mamma, kan Gracie asseblief by ons bly?" smee Palesa haar ma.

"Mamma, kan Palesa asseblief saam met ons kom?" pleit Gracie by haar ma. Maar ongelukkig kan dit nie gebeur nie, want die meisies moet elkeen by hul eie gesin bly.

Die dag voor Gracie se familie vertrek, dink Palesa aan 'n spesiale geskenk vir haar maatjie. Dit is die geluksarmbandjie wat haar ouma jare gelede vir haar gegee het. Die vrou wat die armbandjie aan haar ouma verkoop het, het gesê sy het net twee van daardie soort gemaak. Een armbandjie het 'n son as gelukbringer gehad en die ander een 'n maan.

Palesa se ouma het die een met die son vir Palesa gekies. "Jy is die lig in ons lewe," het sy gesê toe sy vir Palesa die armbandjie gee. Ná haar ouma se dood, voel Palesa steeds haar ouma se liefde wanneer sy die armbandjie dra. Dit is baie spesiaal vir haar.

"Ek wil hierdie armbandjie vir Gracie gee," fluister Palesa vir haarself. "Dit sal haar daaraan herinner dat ons altyd beste maats sal wees."

Gracie gaan na haar nuwe skool toe, maar sy verlang baie na haar maatjie. Wanneer hulle ook al kans kry, skryf die twee meisies vir mekaar.

Eendag is daar 'n pakkie in die pos vir Palesa. Dit kom van Gracie af. "Ek wonder wat binne-in is," sê Palesa toe haar ma dit vir haar gee.

"Maak dit oop!" glimlag Mamma.

Tot Palesa se verbasing is daar 'n armband in die pakkie, presies soos die een wat sy vir Gracie gegee het. "Hoekom het Gracie my armbandjie teruggestuur?" vra Palesa en sy voel bekommerd en 'n bietjie hartseer.

Maar toe Palesa die armbandjie van nader bekyk, sien sy dat hierdie een 'n maan as gelukbringer het. "Dit is die ander armbandjie waarvan Ouma my vertel het!" sê Palesa met 'n breë glimlag. Toe sien sy ook 'n briefie van Gracie. Gracie skryf: *Ek het hierdie armbandjie in ons nuwe huis gekry. Ek het dit vir die eienaar probeer teruggee, maar sy het gesê ek kan dit hou as 'n geskenk. Ek stuur dit vir jou om jou te herinner dat ons altyd beste maats sal wees.*

"Dis nou toevallig – en wonderlik," sê Palesa terwyl sy die armbandjie aansit.



Palesa weet dit is 'n teken dat die twee maats vir altyd maats sal wees, al woon hulle ook hoe ver van mekaar af. Hulle is soos die son en die maan, wat elk op hul eie unieke manier lig gee.

Raak doenig met stories!

- ★ Het jy 'n beste maat? Wat is dit van jou beste maat waarvan jy hou?
- ★ Teken 'n prent van jou en jou beste maat wat besig is om te doen wat julle die graagste doen.

- ★ Skryf en versier 'n brief wat sê hoeveel jy jou beste maat waardeer. Jy kan jou brief begin deur te sê: "Liewe Jabu, dankie dat jy my maat is. Ek waardeer jou want ..."



Drive your
imagination



The friendship bracelets

By Zahida Wahab ■ Illustrations by Chantelle and Burgen Thorne



Palesa and Gracie had been best friends since they were three years old. They lived next door to each other, and their mothers were friends too. They were born a month apart and were raised like sisters. They did everything together. They went to the same school and always ended up in the same class!



Then one day, when the girls were a bit older, something happened that made them very sad. Gracie arrived at Palesa's house in tears.

"What's wrong?" Palesa asked, very worried about her friend.

"My dad got a job in another city, and my family has to move," Gracie said through her tears.

The two girls cried their hearts out. "Mama, can Gracie please stay with us?" Palesa begged her mom.

"Mama, can Palesa please go with us?" Gracie begged her mom. But, sadly, this was not possible because the girls each had to stay with their own family.

The day before Gracie's family left, Palesa thought of a special gift for her friend. It was the charm bracelet her grandmother had given her years ago. The woman who had sold the bracelet to her grandmother had said that she had made only two of this kind. One bracelet had a sun charm, and the other one had a moon charm.

Palesa's grandmother had chosen the sun for Palesa. "You are the light of our lives," she had said when she gave Palesa the bracelet. When Palesa's grandmother passed away, Palesa always felt her grandmother's love when she wore the bracelet. It was very special to her.

"I want Gracie to have this bracelet," Palesa whispered to herself. "It will remind her that we will always be best friends."

Gracie moved to her new school, but she missed her friend very much. The two girls wrote to each other every chance they got.

One day, Palesa received a package in the mail. It was from Gracie. "I wonder what's inside," Palesa said as her mom handed it to her.

"Open it!" Mama smiled.

To Palesa's surprise, she found a bracelet just like the one she had given Gracie inside the package. "Why did Gracie send my bracelet back?" Palesa asked, feeling worried and a bit sad.

But when Palesa looked at the bracelet more carefully, she saw that this one had a moon charm. "This is the other bracelet Granny told me about!" Palesa said with a big smile. Then she also found a note from Gracie. Gracie wrote: *I found this bracelet in our new home. I tried to return it to the owner, but she said I could have it as a gift. I am sending it to you to remind you that we will always be best friends.*

"What a magical coincidence," Palesa said, as she put on the bracelet.



Palesa knew it was a sign that the two friends would always stay friends, no matter how far away they lived from each other. They were like the sun and moon, each giving light in its own unique way.

Get story active!

- ★ Do you have a best friend? What do you like about your best friend?
- ★ Draw a picture of you and your best friend doing your favourite activity.

- ★ Write and decorate a letter saying how much you appreciate your best friend. You can start your letter by saying, "Dear Jabu, thank you for being my friend. I appreciate you because ..."

Nal'ibali-pret
Nal'ibali fun




1.

Bella en haar mamma moet by Hope en Afrika uitkom. Kan jy hulle help?

Bella and her mom need to get to Hope and Afrika. Can you help them?



2.



Mbali is Neo se sussie en sy is twee jaar oud. Sy hou van boekies met rympies, maar sy hou ook daarvan om te maak of sy Neo se boeke lees. Sy lees dikwels vir haar teddiebeer en vir Bella se hond, Noodle. Wat dink jy is die titel van die boek wat Mbali in die prent lees? Skryf wat jy dink sy sê in die praatborrel en teken dan 'n prent of skryf iets in die dinkborrel om te wys wat haar teddiebeer dink.

Mbali is Neo's sister, and she is two years old. She loves books with rhymes in them, but she also enjoys pretending to read Neo's books. She often reads to her teddy bear and to Bella's dog, Noodle. What do you think the title of the book is that Mbali is reading in the picture? Write what you think she's saying in the speech bubble, and then draw a picture or write something in the thought bubble to show what her teddy bear is thinking.

3.

Kan jy 8 verskille tussen hierdie twee prente sien?

Can you spot 8 differences between these two pictures?



Nal'ibali is hier om jou te motiveer en te ondersteun. Kontak ons op een van die volgende maniere:
Nal'ibali is here to motivate and support you. Contact us in any of these ways:

www.nalibali.org

[nalibaliSA](https://www.facebook.com/nalibaliSA)

[@nalibaliSA](https://twitter.com/nalibaliSA)

[@nalibaliSA](https://www.instagram.com/nalibaliSA)

Produced by The Nal'ibali Trust. Translation by Anita van Zyl. Nal'ibali character illustrations by Rico.

UMLAZI
EYETHU

POLOKWANE
OBSERVER



Drive your
imagination

